

Sessie 1:

Profesie onder die Gawes:

Die Gawes van die Heilige Gees is deel van die Here se meesterplan om die liggaam van Jesus funksioneel saam te laat vloei in bediening en die gelowiges te gebruik om mekaar, as liggaam op te bou en die wêreld aan te raak met die liefde en getuienis van Jesus Christus.

Geestelike Gawes:

1 Korintiers 12 en 14

Motiverende Gawe:

Romeine 12

Funksionele gawes vir toerusting:

Effesiers 4

Die manier waarmee Paulus die Gawes van Die Heilige Gees lys gee die indikasie dat daar meer uiteenlopende gawes is en dat hy sommige lys. Versigtigheid om gawes te katoriseer moet gehandhaaf word. Moenie Heilige Gees se gawes , bediening en werking probeer Kompartementaliseer nie.

2Korintiers 3:17

Die “Here” dui hier op “die Gees” en waar die Gees van die Here is, heers daar vryheid.

- Die gawes kan oorvleul met bediening: ‘n woord van profesie kan versterk of afgerond word deur ‘n woord van wysheid / kennis.
- Wees waaksaam om nie analities te wees, gee Heilige Gees ‘n vrye vloei.
- Belangrik om op te let dat Paulus Wysheid lys as die eerste gawe: ons het werklik wysheid nodig om met die gawes te bedien. Streef na die Here se wysheid < vra Hom daarvoor.
- Vryheid beteken nie onordelikheid nie: Paulus moedig ordelikheid aan met Profesie: laat 2/3 profeteer en die ander die woorde oordeel (opweeg).
- Profetiese Woord moet getoets word- bevestiging, vrede en aanmoediging en opbouing.
- Dit is van kardinale belang vir die Here dat ons sal groei in karakter: lyk ,praat en optree soos Jesus/
- Vorming van karakter is harder werk saam met Heilige Gees as bediening in Sy gawes.
- Paulus moedig ons aan om profeties gebruik te word want profesie bou op en dit aktiveer dikwels ook die ander gawes.

EER DIE GEWER, NIE DIE GAWES

- Liefde staan sentraal tot al die gawes: Liede is die meer uitnemende weg.

1 Korintiers 13:13

Al wat altyd sal bly, is geloof, hoop en liefde – hierdie drie. Maar die grootste hiervan bly steeds die liefde

Doel van Geestelike Gawes:

Om mense na Jesus en Sy redding te lei

Om die krag in Christus te demonstreer

Om Geestelike oë oop te maak vir die dinge van die Here

Om die liggam van Christus te versterk en op te bou

Om die Koningkryk uit te brei

Om eer en heerlikheid aan die Here te bring

Vir die perfeksie van die gelowiges

Om die Here se liefde te demonstreer

Om gelowiges toe te rus vir bedieningswerk

1Korintiers 12: 4-11

4 Daar is 'n hele verskeidenheid geestelike gawes, en tog kom hulle van dieselfde Gees. 5 En daar is 'n hele verskeidenheid bedienings, maar ons dien dieselfde Here. 6 Daar is talle aktiwiteite in die gemeente, maar dit is dieselfde God wat al hierdie dinge kragtig in ons almal aktiveer.

7 Elkeen van ons ontvang 'n manifestasie van die Gees om die gemeente te bevoordeel.

8 Aan die een gee die Gees die bekwaamheid om goddelike **wysheid** te verkondig, aan 'n ander gee Hy die gawe van spesiale **kennis**. 9 Aan iemand anders gee hierdie selfde Gees 'n heel besondere **geloof**, aan nog een gee Hy **gawes van genesing**, 10 aan 'n volgende een die vermoë om **wonders** te verrig, aan 'n ander die gawe van **profesie**, aan nog een die vermoë om te **onderskei tussen geeste**, aan iemand anders die gawe van **praat in tale**, aan nog een die **bekwaamheid om die tale uit te lê**. 11 Dit is een en dieselfde Gees wat al hierdie gawes bewerk en wat aan elkeen uitdeel soos Hy dit goedvind.

Woord van wysheid:

‘n gedeelte van die wysheid en insig tot God se alwetende wysheid hetsy deur die Woord of deur profetiese insig, spreek meestal tot toekoms

Woord van Kennis:

‘n gedeelte van die geopenbaarde wysheid van die Here rakende enigeiets, spreek meestal tot hede en verlede

Onderskeiding van geeste:

Die bonatuurlike vermoë om te weet dat daar inspirasie, leiding of manipulasie kom deur ‘n gees anders as die Heilige Gees bv. ‘n gees van divinasie (Fortuinvertellery)

Gawe van Geloof:

Die bonatuurlike vermoë om die bonatuurlike te sien / ervaar gebeur end it te bid, uit te spreek en vry te stel.

Gawes van genesing:

Die bonatuurlike vermoë om mense te bedien met verskeie vorme van genesing. Genesing kan prosesioneel wees(oor tyd) of onmiddelik(wonderwerkend)

Wonderwerke:

Die bonatuurlike vermoë om 'n instrument te wees waardeur die Here buitengewone bonatuurlike manifestasies bring wat die natuurlike wette oorskry.

Profesie:

Die vermoë om te stig, bemoedig en op te bou deur die woorde van die Heilige Gees en bevestiging te bring van Sy wil vir 'n persoon se lewe

Tale:

Die bonatuurlike vermoë om in Heilige gees tale te spreek en woord te bring.

Interpretasie van tale:

Die bonatuurlike vermoë om die geprofeteerde Tale uit te lê deur die interpretasie van de Heilige Gees

Die Profetiese Persoon:

The prophetic person can also be explained as the “perceiver”. The gift is mentioned in Romans 12 and 1 Corinthians 12. The prophetic person can also be described as an inspired speaker or teacher or spokesman.

Eienskappe:

Sensitief, bemoedigend, onderskei goed tussen reg en verkeerd, eerlik, vooruitsigtelik, sien groter prentjie, ‘n Profetiese persoon moet aanleer om altyd die waarheid in LIEFDE te spreek!

Sessie 2+3:

Die Stem van die Here (‘n Wyse en begripvolle Hart)

Spreuke 4:7

Die verstandigste ding om te doen, is om eers wysheid te bekom.

Wy jou daaraan toe om veral onderskeidingsvermoë te verkry.

Salamo se sleutel tot wysheid is opgesluit in:

1Ki 3:9-13

Give therefore thy servant an **understanding heart** to judge thy people that I may discern between good and bad: for who is able to judge this thy so great a people?

And the speech pleased the Lord, that Solomon had asked this thing.

And God said unto him, Because thou hast asked this thing, and hast not asked for thyself long life; neither hast asked riches for thyself, nor hast asked the life of thine enemies; but hast asked for thyself **understanding to discern judgment;**

Behold, I have done according to thy words: lo, I have given thee a **wise and an understanding heart;** so that there was none like thee before thee, neither after thee shall any arise like unto thee.

- Die hart hier verwys na: die Gees van die mens waarin die siel (wil,gedagtegang, emosies) gesetel staan.
- Goddelike insig en begrip kom deur die iluminasie en interpretasie van die **Heilige Gees**
- **Salamo se sleutel is om te hoor, onderskei en verstaan**

Johannes 14:16-17

En Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander Raadgewer stuur om vir altyd by julle te wees;17 dit is die **Gees van die waarheid**. Die wêreld is nie in staat om Hom te ontvang nie omdat hy Hom nie sien of ken nie. Julle ken Hom egter, omdat Hy by julle gaan bly en in julle sal woon.

Johannes 16:12-13

“Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle kan dit nie nou verwerk nie. 13Wanneer Hy ook al kom, die Gees van die waarheid, sal **Hy julle begelei in die volle waarheid**. Hy sal nie uit Homself praat nie, maar net sê wat Hy hoor. Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle meedeel.

Dieselfde Heilige Gees wat Salamo insig en begrip gegee het tot die wil en gedagtes van God is dieselfde Heilige Gees wat in on swoon en op ons rus instaat om God de geheimenisse aan ons te openbaar

Hoe praat die Here met my?

1. Deur Sy Woord

Logos: 2 Tim 3:16

Die hele Skrif is deur God geïnspireer en is nuttig om ons te onderrig, die verkeerde te weerlê, om ons tereg te wys en om die regte leefstyl by ons te kweek

Rema: Rom 10:17

Die geloof volg uit die aanhoor van die boodskap. En die aanhoor van die boodskap volg uit die prediking van die Goeie Nuus wat handel oor Christus.

Logos-In + Meditation = Rhema-Out

The more we **submit to the Spirit** the more we will become **aware of what He is saying**

2. Deur my Intellek(tipe)

Daar is 11 verskillende basiese Intelekte. Sommige leer / verstaan deur prentjies, ander verstaan weer deur woorde(taal) of musiek /klank ens.

Jeremia 1:11

11Die Here het vir my gesê: “Wat sien jy, Jeremia?” Ek het geantwoord:

“Ek sien ’n amandeltakkie

3. Deur drome en visies(innerlike prentjies)

Handelinge 2:17

Só sal dit in die laaste dae wees, sê God:

Ek sal my Gees uitstort op elke mens. Julle seuns en dogters sal die woord van God verkondig; julle jongmense sal **gesigte sien**, en julle oumense sal **drome droom**.

4. Deur God se natuur

Mattheus 6:30

“As God dan die veldplante wat vandag daar is en môre verbrand word, so mooi aantrek, hoeveel te meer sal Hy nie vir julle sorg nie? Is julle geloof dan so klein?

5. Deur die gawes van die Heilige Gees:

1 Korintiërs 12: 7-10

Elkeen van ons ontvang 'n **manifestasie van die Gees** om die gemeente te bevoordeel.

Aan elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal. 8 Aan die een word deur die Gees die gawe gegee om 'n **woord van wysheid** te praat, aan 'n ander 'n **woord van kennis** deur dieselfde Gees; 9 aan die een **geloof** deur dieselfde Gees, aan 'n ander genadegawes van **gesondmaking** deur die één Gees. 10 Aan die een gee Hy die **krag om wonders te doen**, aan 'n ander die gawe om te **profeteer**, en aan nog 'n ander die gawe om **tussen die geeste te onderskei**. Aan nog een gee Hy die gawe om **ongewone tale** of klanke te gebruik en aan 'n ander **om dit uit te lê**.

6. Deur God se hoorbare stem:

Openbaring 1:10

Op die dag van die Here is ek deur die Gees meegevoer en ek het agter my, so hard soos die geluid van 'n trompet, 'n stem hoor 11sê:

7. Deur die stil klein stem:

And after the earthquake a fire, but the Lord was not in the fire; and after the fire [a sound of gentle stillness and] a **still, small voice**.

8. Enige manier wat die Here kies:

Eksodus3:4

Toe die Here sien dat Moses naderkom om ondersoek in te stel, het Hy uit die bos na hom geroep: “Moses, Moses!”

➤ **Laat vrede in alles die skeidsregter wees wat lei na God se wil en vreugde!**

Sessie 4:

Drome en Visies:

In die Ou Testamentiese era het die Here dikwels met mense gepraat in en deur Drome en visies(gesigte)

Numeri 12:6

Die Here het gesê: “Luister wat Ek sê! As daar ’n profeet onder julle is, maak Ek, die Here, My aan hom bekend deur gesigte en praat Ek met hom deur drome

Met aanbreek van Nuwe testamentiese era tot op hede kan enige persoon wat die Heilige Gees het Visies en drome kry, self ongelowiges ook van tyd tot tyd.

Handelinge 2:17

Só sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees uitstort op elke mens. Julle seuns en dogters sal die woord van God verkondig; julle **jongmense sal gesigte sien, en julle oumense sal drome droom.**

Doel van Drome/ Visies:

Drome en visies beslaan 'n breek bestek van inspraak, openbaring, leiding, koreksie ens.

Juis hierom word dit nie gelys as n spesifieke gawe onder die Gawes van die Heilige Gees nie.

Vir: Waarskuwing:

Een van die mees algemene redes waarom die Here praat deur drome of visies is om te waarsku teen sonde.

Job 33:14-17

Maar God praat op verskillende maniere. Ons kom dit net nie agter nie. 15Hy praat deur drome en visioene, in die nag wanneer mense diep slaap en op hulle beddens lê. 16Hy fluister in hulle ore en verskrik hulle met sy waarskuwings.

17Hy laat mense van gedagte verander om hulle van verkeerde dade weg te hou, en hulle van hoogmoed te weerhou.

- Waarskuwings in drome lei nie noodwendig altyd tot die verandering in die dreigende gevaar nie bv. Pilates se vrou ontvang 'n droom waarin sy waarsku dat haar man niks met Jesus of sy veroordeling te doen moet hê nie, nogtans gaan hy voort en die Vader se plan word nie van koers gebring nie.

Vir: Oordeel:

Nebukadnezzar deel “n droom met Daniel dat hy n groot boom gesien het wat afgekap word, 24““U Majesteit, die droom beteken dat God die Allerhoogste oor u ’n besluit geneem het. 25U sal van die mense af weggejaag word en tussen die wilde diere van die veld moet gaan bly. U sal gras eet soos ’n bees en die dou uit die lug sal op u val. Sewe tydperke sal vir u verbygaan totdat u erken dat dit God die Allerhoogste is wat oor die koninkryke van mense regeer en dit gee vir wie Hy wil.

Gewoonlik saam met ‘n Woord (droom / visie) van oordeel kom ‘n geleentheid vir berou en bekering soos in hierdie geval, daar is egter uitsondering soos in die geval van Koning Beltsazar waar daar geen geleentheid is vir bekering en die oordeel bykans onmiddelik in vervulling kom na die skrif aan die muur.

Vir:Direksie / rigting:

Handelinge 16:6-10

6Hulle het daarna deur die streke van Frigië en Galasië gereis omdat hulle deur die Heilige Gees **verhinder is om die woord op daardie stadium in die provinsie Asië te verkondig**. 7Toe hulle naby Misië kom, het hulle Bitinië toe probeer gaan, maar die Gees van Jesus het hulle nie toegelaat nie. 8Hulle het toe deur Misië gereis na Troas toe.

9Daar het Paulus in die nag 'n visioen gehad. Hy het 'n Masedoniese man gesien wat hom staan en smeek: "**Kom oor na Masedonië toe en help ons.**" 10Nadat Paulus die visioen gesien het, het ons onmiddellik Masedonië toe vertrek omdat **ons tot die oortuiging gekom het** dat God ons geroep het om die evangelie daar te verkondig.

➤ Direksie en rigting wat ons ontvang deur drome is nie altyd klinkklaar duidelik nie met gebed en geestelike beraadslaging kom daar dikwels duidelikheid.

Interpretasies van drome en visies:

Meeste van die tyd word 'n droom van die Here maklik geïnterpreteer en verstaan omdat dit handel oor 'n spesifieke gebedsonderwerp en / of die detail is maklik om te verstaan en toe te pas

Rigters 7:13-14

Gideon het toe nader gesluip. In die kamp was 'n man juis besig om vir sy makker te vertel wat hy gedroom het. “Ek het gedroom,” het hy vertel, “daar kom 'n ronde garsbrood na die kamp van Midian aangerol. Die brood het 'n tent getref, dit omgestamp en dit inmekaar laat tuimel.”

14Sy maat het geantwoord: “**Dis niks anders as die swaard van die Israeliet Gideon**, die seun van Joas, nie. God gee Midian en almal in sy kamp in sy mag oor.”

- Vind die sleutel: Wat is die primêre aspek / beeld
- Vra die Heilige Gees om die primêre aspek / sleutel te openbaar soos wat die droom vertel, neergeskryf en oordink word.
- Ook belangrik om te weet na wie die droom verwys

Misinterpretasie van drome en visies:

Nie elke droom van die Here word noodwendig vervul soos ons dit geïnterpreteer of antisipeer het nie bv. Josef en sy Pa(Jakob) het oorspronklik gedink die Son en Maan in sy droom verwys na sy ouers wat voor hom buig, tog is die vervulling daarvan die Son Priester :Potepheria en Sy dogter Anesath(Maan) wat ook in eerbied buig en ondererp is aan Josef

Versigting:

Ons moet waak dat drome nie so na gesoek word met elke geleentheid dat dit die inspraak en die openbaring van God se Woord uitskyf en afwater nie.

Te veel droom oor te veel dinge kan misleiding laat pos vat en somtyds lei tot geestelike trots.

Die Heilige Gees is en bly die belangrikste en mees effektiewe interpreteerder van drome en visies!!

Droom desepsie:

Judas 1:8

8Net so is dit nou met hierdie goddelose mense: terwyl hulle op droomvisioene aanspraak maak, besoedel hulle hulle eie liggame, verwerp hulle gesag en beledig hulle die glorieryke hemelwesens.

Die feit dat Heilige Gees deur 'n droom sonde openbaar in leierskap beteken nie dat ons nie respekvol en onderdanig in liefde moet optree nie intendeel dit is presies wat die Here van ons verwag.

Versigtig vir drome en interpretasie oor teenoorgestelde geslag, eie begeertes kan mislei

Simboliek:

- Simboliek speel 'n belangrike rol in die interpretasie van drome en visies.
- Wees waaksaam dat daar nie noodwendig 'n spesifieke simbool noodwendig te vereenselwig met 'n vaste betekenis nie byvoorbeeld:
- In die tuin van Eden is slang 'n representasie van die verleidene satan, in die woestyn met die siekte en sere van Jode is dit 'n simbool van redding en genesing.
- Dit is goed om 'n basiese kennis van simboliek betekenis te hê maar daar kan ook ander betekenisse wees in daardie spesifieke konteks: vra Heilige Gees vir leiding en interpretasie.
- Heilige Gees kry al die antwoorde vir ons by ons Pa(Vader) en Ouboet (Jesus)

Sessie 5:

Sien in die Gees

2 Konings 6: 16-17

“Moenie bang wees nie!” sê Elisa vir hom. “Daar is meer aan ons kant as aan hulle kant!”

17Toe bid Elisa: “**Here, maak tog sy oë oop sodat hy kan sien!**” Die Here het sy dienaar se oë oopgemaak. Toe hy opkyk, sien hy dat daar baie perde en strydwaens van vuur op die heuwels rondom Elisa was.

Handelinge 7:55-56

Maar Stefanus, **vol van die Heilige Gees**, het aanhou opkyk na die hemel en die heerlijkheid van God gesien. Hy het Jesus in die regeerposisie reg langs God sien staan. 56“Kyk,” het hy gesê, “**ek sien die hemel óóp** en die Seun van die Mens in die regeerposisie reg langs God staan!”

- ✓ Die Here is die een wat die geestesrealm vir ons oop kan maak en ons ontvanklik maak vir die realm deur die teenwoordigheid en werking van die Heilige Gees.
- ✓ Dit is belangrik uit hierdie voorbeelde dat ons in gebed die Here hiervoor vra en in geloof uitkyk daarvoor.
- ✓ Hoe meer ons in die gees deur Heilige Gees met Vader en Seun “connect” hoe beter is die kans vir geopende Geestelike sig en insig.
- ✓ Die Here kan in sy wysheid dit ook gee soos Hy wil vir wie Hy wil vir watter doel ookal.
- ✓ Moenie openbaring beperk deur jou eie persepsies en opinies nie, laat die Here die Here wees.
- ✓ Hanteer dit wat bonatuurlik gesien en beleef word met biddende versigtigheid want satan doen homself voor as ‘n engel van die lig.
- ✓ Al mag daar inisieel dalk vrees wees, sal vrede volg wanner Heilige Gees ons oopmaak vir Geestesrealm.
- ✓ Ons moet onself ook sien as portale waardeur geopenbaar word.
- ✓ Intieme aanbidding en gebedsverhouding kweek vrugbaarheid vir die diep geestelike geheimenisse:

Judas 1:20

Maar julle, geliefdes, moet aanhou om julleself op te bou op die fondament van julle allerheiligste geloof. Hou aan om te bid terwyl julle heg verbind bly aan die Heilige Gees.

1 Korintiërs 2:7

But we speak the wisdom of God in a **mystery**, the hidden *wisdom* which God ordained before the ages for our glory,

- Praying in the Spirit (tongues) and speaking in tongues opens up and establishes our knowledge of the Mysteries of God. Those mysteries are often hidden away in the spirit for us to discover.
- Eie verkeerde selfpersepsie kan 'n invloed hê tov. Hoe ons dinge geestelik ontvang, onderskei en interpreteer.
- Heilige Gees lei ons as die Gees van waarheid, engele kan ook in Heilige Gees se mandaat dien as 'n gids in geestesrealm. Soos met die engel se besoek aan Daniel ens.

VRA, KYK=SIEN

Sessie 6:

Profetiese Verantwoordelikheid:

Handelinge 2:42

Hulle het hulle volledig gewy aan die leer van die apostels, aan die versorging van mekaar, aan die gemeenskaplike maaltye, en aan gebede.

- ❖ Die woord moedig ons aan om: getrou te wees aan die onderlinge samekoms van gelowiges in fellowship as die liggaam.
- ❖ Dit is in hierdie liefdevolle beskermde kudde / liggaam waar ons kan word gee met verantwoordelikeid.
- ❖ Profetiese persone/ bedienaars moet 'n oop leerbare gees hê wat gewillig is om leiding en instruksie van leiers te volg soos Heilige Gees lei.
- ❖ **Foute somtyds:**
- ❖ Somtyds maak 'n profetiese persoon 'n verkeerde interpretasie of misleidende profetiese woord. Dit moet geweeg, getoets en in liefdevolle regstelling hanteer word

Deel met Jaloesie:

Jakobus 3:14

14As julle bitter jaloers is en selfsugtige ambisie in julle harte het, moenie dan spog dat julle wysheid het nie.

- ✓ Dit mag dalk blyk dat iemand in die profetiese groep meer begaafd / gesalf is, wees waaksaam vir vergelyking, woord leer dit is onwys om ons met ander te vergelyk.
- ✓ Ondersoek jou hart en vertrou Heilige Gees om motiewe te suiwer en ontdek jou unieke manier, style n vloei.
Groei en ontwikkel jou gawes in die Heilige Gees

Verantwoordbaarheid:

3 vlakke:

Opwaarts: Iemand in 'n Hoër gesagsposisie as ek onder wie ek submit en myself oop stel vir inspraak en selfs koreksie

Afwaarts: Iemand wat in 'n laer gesagsposisie as ek is en wie ek verantwoordelik is in dissipelskap.

Direk: 'n vertrouensvriend wat vrye inspraak en aanmoediging in my lewe het en ek in syen

Hantering van Kerklike konflik:

Vra Heilige Gees om harte sag te maak

Vestig 'n gemeenskaplike oogmerk tot versoening en restorasie

Bereik vergifnis deur genade

Eer die bybelse patroon van:

Mattheus 18

15“As een van jou medegelowiges iets verkeerd teen jou gedoen het, gaan wys hom daarop. Maar hou dit tussen julle twee. As hy sy fout insien en erken, het jy hom teruggewen. 16Maar as jy nie daarin slaag nie, neem nog een of twee saam met jou. So sal daar twee of drie getuies wees om te bevestig wat gesê word. 17Maar as hy nog steeds weier om te luister, moet jy dit aan die gemeente gaan meedeel. As hy egter ook weier om na die gemeente te luister, moet hy vir jou wees soos 'n ongelowige of 'n tollenaar.

Hantering van Foute:

Erken en noem die spesifieke foutiewe profetiese woord

Probeer vasstel wat dit veroorsaak het: profesie deur verkeerde persoonlike persepsie, oordelende hart. Oningesteldheid tot gees en ooringesteldheid tot die natuurlike

Submissie in verantwoording

Verantwoordelikheid in submissie

God said so and I know when God speaks

I have my own prophetic ministry and God did not tell me to be part of any hurch

God spoke to me and you have to do this

Plasing van profetiese openbaring hoër as die gesag van die Skrif

Regstelling in Liefde:

Volg altyd na met 'n positiewe liefdevolle oplossing in die hantering van foute of verkeerde gedrag.

Be slow to suspect – quick to trust

Be slow to condemn – quick to justify

Be slow to expose – quick to shield

Be slow to belittle - quick to appreciate

Be slow to demand – quick to forgive

Be slow to hinder – quick to help

Wandel in die respekvolle liefde vir die Here / vrees van die Here.

Moet nie dit as ligtelik beskou: daar is erns by die Here met elke woord wat Hy vrystel

Tree verantwoordelik op in Liefde

Sessie 7:

Profeteer van Seen:

Genesis 49:28

Dit is die twaalf stamme van Israel en dit is die seëninge waarmee Jakob sy twaalf seuns geseën het. Elkeen het 'n seën ontvang wat vir hom toepaslik was.

- ✓ 'n Profeet kan slegs seen volgens die wil van die Here. Nie volgens sy/haar eie wil nie(2 Petrus 2:21)
- ✓ 'n verkeerde persepsie is dat: God sal doen wat ookal ons sê of proffeteer is foutief! (Numeri 22:6)
- ✓ Ons kan nie seen wat God vervloek het / vervloek wat Hy geseen het
- ✓ As 'n profetiese woord moet die seen van die Here af kom
- ✓ **Die rol van Geloof:**
- ✓ As ons in geloof uitspreek dan beteken dit: wat ons spreek glo ons gaan gebeur
- ✓ Geloofsgebede moet vereenselwig en aanpas tot die Woord en wil van die Here
- ✓ Profesie vereis geloof:Izak en Jakob seen in geloof
- ✓ Bediening:
- ✓ Die here taak bediening met gesag en beperking:2 Korintiers 10:13
- ✓ Die oorstap van beperkinge of gesag bring oordeel:

1Konings 13:17

want die Here het my uitdruklik beveel: 'Jy mag geen kos eet of water drink terwyl jy daar is nie, en jy mag nie met dieselfde pad terugkom as waarlangs jy gegaan het nie

- Tog binne die Here se riglyne/ beperkinge is daar Vryheid om die woord te bring en oor te dra
- Profetiese assosiasie(name, kleure, ens) in n profetiese woord dra tog groot krag, maar dit kan ook gewysig / omgekeer word in 'n seen: Levi se response met goue kalf, draai die **vervloeking om in seen** vir die stam van Levi. (*Gen. 49.5-7*)

Profetiese Protokol:

Protokol verskil van kerkgroep tot kerkgroep. Konteks tot konteks. Die basiese beginsels is:

1 Cor 14:29-32

(29) Let two or three prophets speak, and let the others weigh what is said.

(30) If a revelation is made to another sitting there, let the first be silent.

*(31) For you can all prophesy one by one, so that all may learn and all be encouraged, (32) and the **spirits of prophets are subject to prophets**.*

*(33) For God is **not a God of confusion** but of peace. As in all the churches of the saints,*

- 'n Korporatiewe Woord kan ordelik in nederigheid gesubmit word aan die Herder / Leraar en senior leiers van gemeente, as hulle jou vrystel om woord te bring is dit reg
- Wanneer daar geleentheid gebied word vir Woord(profeties) dan deel ons die woord en aanvaar dat die woord getoets kan word en geweeg kan word om te verseker dat daar substansie en bevestiging is vir die woord.

- Wanner jy person / persone profeties bedien met woord, versoek verkieslik 'n mede profetiese bedienaar of leier in gemeente om by te staan as getuie en versterker van die woord.
- Moenie rebels word in gedrag as jou woord nie ontvang word nie, vertrou net weer vir n geleentheid en die regte woord in die regte seisoen.
- Ons moet verkieslik nie in die kerklike parkeerareas profeeteer maar eerder in die ope gemeenskap van gelowiges waar almal veilig voel geestelik.
- .Probeer om eerder woord oor huweliksmaats, radikale finansies en babavoorspellings te vermy/ met groot deursigtigheid en duidelike bevestiging oor te dra.
- Tree altyd op in 'n nederige gesindheid met liefde en sonder veroordeling.

Sessie 8:

Wat is Profetiese Evangelisasie?

Profetiese Evangelisasie vind plaas wanneer: 'n profetiese persoon deur die Heilige Gees se leiding 'n ongereddene of teruggevalle bedien met akkurate profetiese woord (treasure hunting)

Dit is mees efektief wanneer ons doelbewus vir die Heilige Gees vra om ons met 'n sleutel te lei na iemand spesifiek aan wie Hy Christus profeties wil openbaar.

Waar moet ek gaan?

Wie moet ek bedien?

Geaktiveer:

Die profetiese gawe het nie veel effek of betekenis as ons nie aktief daarin vloei in geloof nie.

Ons moet iets doen met die gawe en salwing

Die krag van die salwing vat altyd hande met die aktivering van die salwing

Markus 16: 15-20

15Toe het Hy hulle beveel: “Gaan die hele wêreld in en verkondig die Goeie Nuus aan almal, oral. 16Elkeen wat glo en gedoop word, sal verlos word. Maar elkeen wat nie glo nie, sal veroordeel word. 17Hierdie is die wondertekens wat dié sal beleef wat glo: Hulle sal duiwels in my Naam uitdryf, en hulle sal in nuwe tale praat. 18Hulle sal slange ongedeerd kan hanteer en as hulle iets giftigs drink, sal dit hulle nie affekteer nie. Hulle sal siekes die hande oplê, en hulle sal gesond word.”

19Nadat die Here Jesus klaar met hulle gepraat het, is Hy in die hemel opgeneem en het Hy op die ereplek aan God se regterhand gaan sit. 20Die dissipels het toe die Goeie Nuus oral gaan verkondig, en die Here het saam met hulle gewerk en hulle boodskap bevestig deur die wondertekens wat daarmee gepaardgegaan het.

- Gehoorsaamheid aan die leiding en instruksie van die Here vestig, versterk en aktiveer die Profetiese/ ander gawes

Beskikbaar om deur die Heilige Gees gelei te word:

Passion, eagerness and desire means nothing if one is not available to be led by the Holy Spirit. We sometimes think when we hear God, we are being led by the Holy Spirit; but 'led' is a verb (a "do-word"). [We need to move out of our "comfort zone". The "burning" of the Holy Spirit can only "burn" to a certain level. One needs to get beyond the desire of the flesh in into the desires of the spirit.] –Emma van der Walt

Here wys my: wie is ontvanklik en gee my profetiese insig oor daardie persoon se lewe.

Vra ook vir leiding oor waar jy moet wees, Bank, shopping mall ens. Die betrokke persoon sal daar aanwesig wees, vir jou om na toe gelei te word.

Johannes 16:7-8

7 Laat Ek julle egter die waarheid vertel: Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Raadgewer, die Heilige Gees, nie na julle toe kom nie. As Ek egter weggaan, sal Ek die Raadgewer na julle toe stuur. 8En wanneer Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sy sonde, van God se regverdigde oordeel, en dat die oordeel hier is. 9Van sonde, omdat die wêreld nie in My glo nie

2 Timotheus 1:6-8

Dit is waarom ek jou daaraan herinner om die geestelike gawe, wat God jou gegee het toe ek jou die hande opgelê het, soos 'n vuur aan te blaas. 7Want God het ons nie 'n gees van lafhartigheid gegee nie, maar van krag, liefde en selfbeheersing. 8Jy moet dus nooit skaam wees om van ons Here te getuig nie

Ons laat die vuur van die Gees aanblaas in ons wanneer ons die geestelike gawes beoefen en aktiveer saam met gebed.

Die geveg van geloof:

Daar is 'n goeie geveg van geloof vir die siele van verlore mense. Ons het die gesag, outoriteit en gawes om die geveg te wen en ongereddenes uit die kloue van hel te ruk in die krag van die Heilige Gees

- Onthou: **Dit gaan altyd vir God om mense en redding bly die grootste wonderwerk.**
- Profetiese evangelisasie is een van die instrumente hiertoe.
- Laat die weermag van Jesus verrys en in sy Gees se krag toetree tot die stryd van oorwinning

Profeteer strategies en doelgerig:

Profesie+strategie=Profetiese Evangelisasie

Bid om die pad voor te berei

Bou verhoudings

Bedien die tersaaklike praktiese behoefte

Kom uit die gemakzone

Profeteer binne die geestelike honger van die persoon

Onderskei areas van leuens en verblinding

Ontwapen desepsie met waarheid

Wees opreg, tersaaklik en binne konteks van die persoon se kultuur

Lei persoon na die Here na Profetiese bediening

Bid saam persoon, kry detail en volg op

Skakel persoon in by 'n gesonde gemeente

Volg op met gebed

Die goedheid van die Here lei tot bekering